

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Friday 17 June 1977

WINDHOEK

Vrydag 17 Junie 1977

No. 3633

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrator's Office,
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 218] [17 June 1977

No. 218] [17 Junie 1977

ORDINANCE, 1977: PROMULGATION OF

ORDONNANSIE, 1977: UITVAARDIGING VAN

The Deputy Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:

Dit behaag die Waarnemende Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:

No. 12 of 1977 Anatomical Donations and Post-Mortem Examinations Ordinance, 1977

No. 12 van 1977 Ordonnansie op Anatomiese Skenkings en Nadoodse Ondersoeke, 1977

**No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM
EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977**

(Assented to 15 June 1977)

(English text signed by the Deputy Administrator)

(Date of commencement 17 June 1977)

ORDINANCE

To provide for the donation of human bodies and human tissue for therapeutic or scientific purposes, for the removal of such tissue and the use thereof in living persons, for the preservation and use of such tissue, and for the post-mortem examination of certain human bodies; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:—

Definitions.

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates —

- (i) “authorised institution” means an institution authorised by the Executive Committee to receive, acquire, preserve or use the bodies of deceased persons for therapeutic or scientific purposes or to receive, acquire, preserve, use or issue any tissue for such purposes, or to perform post-mortem examinations of the bodies of deceased persons for any of the purposes stated in section 2(1); (iii)
- (ii) “dentist” means a person registered as a dentist under the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974); (ix)
- (iii) “Executive Committee” means the Administrator-in-Executive-Committee referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968); (x)
- (iv) “gonad” means the human tissue or group of germinal cells essential for the reproduction of the species; (v)
- (v) “hospital” means any institution established as a hospital or registered as such under the Hospitals Ordinance, 1972 (Ordinance 14 of 1972); (vii)
- (vi) “medical practitioner” means a person registered as a medical practitioner under the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974); (iv)

**ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977**

(Goedgekeur 15 Junie 1977)

(Engelse teks deur die Waarnemende Administrateur geteken)

(Datum van inwerkingtreding 17 Junie 1977)

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die skenking van menslike liggame en menslike weefsels vir geneeskundige of wetenskaplike doeleindes, vir die verwydering van sodanige weefsels en die gebruik daarvan op lewende persone, vir die bewaring en gebruik van sodanige weefsels, en vir die nadoodse ondersoek van sekere menslike liggame, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkry en by boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:—

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken — Woordomskrywing.

- (i) “dodehuis” ’n lykshuis wat as sodanig opgerig is; (vii)
- (ii) “Gebied” die Gebied Suidwes-Afrika; (ix)
- (iii) “gemagtigde inrigting” ’n inrigting wat deur die Uitvoerende Komitee gemagtig is om die liggame van oorledenes vir geneeskundige of wetenskaplike doeleindes te ontvang, te verkry, te bewaar of te gebruik of om weefsel vir genoemde doeleindes te ontvang, te verkry, te bewaar, te gebruik of uit te gee, of om nadoodse ondersoeke op die liggame van oorledenes uit te voer vir enige van die doeleindes vermeld in artikel 2(1); (i)
- (iv) “geneesheer” iemand wat ingevolge die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet 56 van 1974), as geneesheer geregistreer is; (vi)
- (v) “gonade” die menslike weefsel of groep kiemselle wat vir die voortplanting van die spesie noodsaaklik is; (iv)
- (vi) “hierdie Ordonnansie” ook ’n regulasie; (x)
- (vii) “hospitaal” ’n inrigting wat as hospitaal opgerig of as sodanig geregistreer is ingevolge die Ordonnansie op Hospitale, 1972 (Ordonnansie 14 van 1972); (v)

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

(vii) "mortuary" means any mortuary established as such; (i)

(viii) "regulation" means a regulation made and in force under this Ordinance; (viii)

(ix) "Territory" means the Territory of South West Africa; (ii)

(x) "this Ordinance" includes any regulation; (vi)

(xi) "tissue" means any human tissue, including any flesh, organ, bone, body fluid or tissue or product derived from it. (xi)

Donation of human bodies or human tissue for therapeutic or scientific purposes.

2. (1) Any person who is competent to make a will may, in his will or in any document attested by at least two competent witnesses or in any statement made orally in the presence of at least two persons of or over the age of eighteen years, donate his body or any part of it to be used after his death for any of the purposes hereinafter stated, or consent to a post-mortem examination of his body for any of the said purposes, and such person may in such will, document or statement name any of the following institutions or persons as donee or donees:

(a) any hospital or medical practitioner or dentist, for medical or dental education, research, the advancement of medical science, or therapy, including use in any living person or persons;

(b) any medical or dental school or any university engaged in medical or dental education or research, or any authorised institution, for use in medical or dental education, research or therapy, including use in any other living person or persons, or for use for any other scientific purpose;

(c) any natural person, for therapy, including the use of any tissue needed by such person.

(2) In the absence of a donation or consent in terms of subsection (1) by any person and of any contrary direction given by such person —

(a) the spouse or any major child or any parent or guardian or any major brother or any major sister of such person (hereinafter referred to as the persons referred to in paragraph (a)), may after his death donate his body or any part thereof to any institu-

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977

- (viii) "regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Ordonnansie uitgevaardig en van krag is; (viii)
- (ix) "tandarts" iemand wat ingevolge die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet 56 van 1974), as tandarts geregistreer is; (ii)
- (x) "Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968); (iii)
- (xi) "weefsel" enige menslike weefsel, met inbegrip van enige vlees, orgaan, been, liggaamsvloeistof of weefsel of produk daarvan verkry. (xi)

2. (1) Iemand wat bevoeg is om 'n testament te maak, kan in sy testament of in 'n skriftelike stuk geattesteer deur minstens twee bevoegde getuies, of in 'n verklaring wat mondeling in die teenwoordigheid van minstens twee persone van agtien jaar of ouer gemaak word, sy liggaam of 'n deel daarvan skenk om na sy dood gebruik te word vir enige van die doeleindes wat hieronder vermeld word, of toestem tot 'n nadoodse ondersoek op sy liggaam vir enige van bedoelde doeleindes, en sodanige persoon kan in sodanige testament, skriftelike stuk of verklaring enige van die volgende inrigtings of persone as begiftigde of begiftigdes benoem:

Skenking van menslike liggamme of menslike weefsels vir geneeskundige of wetenskaplike doeleindes.

- (a) 'n hospitaal of geneesheer of tandarts, vir geneeskundige of tandheelkundige opleiding, navorsing, die bevordering van die geneeskunde, of terapie, met inbegrip van gebruik op 'n lewende persoon of persone;
- (b) 'n fakulteit van geneeskunde of tandheelkunde of 'n universiteit wat geneeskundige of tandheelkundige opleiding of navorsing behartig, of 'n gemagtigde inrigting, vir gebruik by geneeskundige of tandheelkundige opleiding, navorsing of terapie, met inbegrip van gebruik op 'n ander lewende persoon of persone, of vir gebruik vir 'n ander wetenskaplike doel;
- (c) 'n natuurlike persoon, vir terapie, met inbegrip van die gebruik van weefsel benodig deur sodanige persoon.

(2) By ontstentenis van 'n skenking of toestemming ingevolge subartikel (1) deur 'n persoon en van 'n strydige opdrag deur sodanige persoon gegee —

- (a) kan die eggenoot of 'n meerderjarige kind of 'n ouer of voog of 'n meerderjarige broer of 'n meerderjarige suster van sodanige persoon (hieronder die in paragraaf (a) bedoelde persone genoem), na sy oorlye sy liggaam of 'n deel daarvan aan 'n in subartikel (1) bedoelde inrigting of persoon skenk om

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

tion or person referred to in subsection (1) to be used for any of the purposes stated in that subsection, or consent to a post-mortem examination of his body for any of the said purposes; or

(b) a district surgeon may, if none of the persons referred to in paragraph (a) can be traced, in stead of the persons referred to in paragraph (a), after such person has died —

(i) donate any specified tissue from the body of such person, should, in the case of any tissue other than eye tissue, two other medical practitioners have stated in writing that in their opinion the use of such tissue in the body of another person is immediately necessary in order to save the life of such other person; or

(ii) consent to a post-mortem examination of the body of such person for any of the purposes referred to in subsection (1):

Provided that no such donation or consent shall be made or given unless such district surgeon is satisfied that all reasonable steps have been taken to trace the persons referred to in paragraph (a): Provided further that the district surgeon who gives such consent shall not perform such post-mortem examination.

(3) Where any person who has died, has in his will or in any document donated any tissue from his body or has consented to a post-mortem examination of his body, any person who is empowered to give an authorisation in terms of section 5(1), may act upon such will or document if on the face of it it appears to be legally valid and irrespective of the fact that (in the case of a will) such will has not yet been lodged with or accepted by the Master of the Supreme Court.

(4) It shall not be a requirement for the lawfulness of any donation in terms of this section that the person who makes the donation shall specify expressly the purpose of such donation.

(5) Where a person at the time of his death is wearing any identity tag prescribed by regulation which has been issued by an authorised institution approved for that purpose by the Executive Committee, such person shall be deemed to have made a donation, in terms of this section, of his body or of any specified tissue thereof, as the case may be.

(6) (a) Where a person has donated his body or any other body or any part of his body or of any other body without specifying any particular donee, the

**ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977**

gebruik te word vir enige van die doeleindes in daardie subartikel vermeld, of toestem tot 'n nadoodse ondersoek op sy liggaam vir enige van bedoelde doeleindes; of

(b) kan 'n distriksgeneesheer, indien geeneen van die in paragraaf (a) bedoelde persone opgespoor kan word nie, in plaas van die in paragraaf (a) bedoelde persone, nadat sodanige persoon gesterwe het —

(i) enige bepaalde weefsel van die liggaam van sodanige persoon skenk indien in die geval van ander weefsel as oogweefsel, twee ander geneeshere skriftelik verklaar het dat na hul mening die gebruik van sodanige weefsel op die liggaam van 'n ander persoon onmiddellik nodig is ten einde die lewe van sodanige ander persoon te red; of

(ii) toestem tot 'n nadoodse ondersoek op die liggaam van sodanige persoon vir enige van die in subartikel (1) bedoelde doeleindes:

Met dien verstande dat geen sodanige skenking of toestemming gemaak of verleen word nie tensy sodanige distriksgeneesheer oortuig is dat alle redelike stappe gedoen is om die in paragraaf (a) bedoelde persone op te spoor: Met dien verstande voorts dat die distriksgeneesheer wat sodanige toestemming verleen, nie sodanige nadoodse ondersoek mag uitvoer nie.

(3) Indien iemand wat gesterwe het, in sy testament of in 'n skriftelike stuk weefsel van sy liggaam geskenk het of tot 'n nadoodse ondersoek op sy liggaam toegestem het, mag iemand wat bevoeg is om 'n magtiging ingevolge artikel 5(1) te verleen, uit hoofde van sodanige testament of skriftelike stuk optree indien dit op die oog af regsgeldig skyn te wees en nieteenstaande die feit dat (in die geval van 'n testament) bedoelde testament nog nie by die Meester van die Hoogeregshof ingedien of deur hom aanvaar is nie.

(4) Dit is nie 'n vereiste vir die regsgeldigheid van 'n skenking ingevolge hierdie artikel dat die persoon wat die skenking maak, die doel van sodanige skenking uitdruklik moet vermeld nie.

(5) Indien iemand by sy afsterwe 'n by regulasie voorgeskrewe uitkenningsetiket dra wat uitgereik is deur 'n gemagtigde inrigting wat vir dié doel deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is, word sodanige persoon geag 'n skenking ingevolge hierdie artikel van sy liggaam of van enige bepaalde weefsel daarvan, na gelang, te gemaak het.

(6) (a) Indien iemand sy liggaam of 'n ander liggaam of 'n deel van sy liggaam of van 'n ander liggaam geskenk het sonder om 'n besondere begiftigde te vermeld, word die naaste hospitaal of gemagtigde in-

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

nearest hospital or authorised institution which is interested in acquiring the said body or part of it shall be deemed to be the donee.

- (b) For the purposes of paragraph (a) "nearest hospital or authorised institution" means the hospital or authorised institution which is nearest to the place where the person who donated his body dies or where such other body is, as the case may be.

(7) Where a person in donating any body or any part of it gave conflicting directions, effect shall be given to the direction given last: Provided that where a donation of the entire body was made to one donee and thereafter a donation of a specific tissue or tissues was made to another donee, the donation of the entire body shall be deemed to be a donation of the remainder of the body.

(8) Where any person has donated his body or any part of it to a specific donee and such donee is not readily available at the time and place where the person who so donated his body or any part of it dies, the nearest hospital or authorised institution to such place which is interested in acquiring the said body or part of it, as the case may be, shall be deemed to be the donee.

(9) Upon the death of any person who has donated his body or any part of it, the donee shall have the right to the body of the deceased person or to such part only for the purpose of carrying out, subject to the authorisation referred to in section 5, the wish of the person who made the donation.

(10) Except in the case of a donation of the entire body, the donee shall have twenty-four hours following the death of the person who has donated his body or any part of it within which he may, subject to the authorisation referred to in section 5, remove or cause to be removed the tissue so donated, and after the expiry of the said period of twenty-four hours, whether or not the donee has so removed such tissue or caused such tissue to be so removed, the body may be claimed by the relatives of the deceased or by the person or persons otherwise entitled thereto, with a view to the disposal thereof by way of interment or cremation of the remains or otherwise.

(11) Any donation made or consent given in terms of this section may be revoked prior to his death by the person who made the donation or gave the consent, in the same way in which the donation was made or consent was given or, in the case of a donation or consent by means of a will or other document, also by intentional destruction of such will or

**ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977**

rigting wat belangstel om bedoelde liggaam of deel daarvan, na gelang, te verkry, geag die begiftigde te wees.

- (b) By die toepassing van paragraaf (a) beteken "naaste hospitaal of gemagtigde inrigting" die hospitaal of gemagtigde inrigting wat die naaste is aan die plek waar die persoon wat sy liggaam geskenk het te sterwe kom of waar bedoelde ander liggaam is, na gelang.

(7) Indien iemand by die skenking van 'n liggaam of 'n deel daarvan strydige beskikkings gemaak het, word die jongste beskikking uitgevoer: Met dien verstande dat indien 'n skenking van die hele liggaam aan een begiftigde gemaak is en daarna 'n skenking van 'n besondere weefsel of weefsels aan 'n ander begiftigde gemaak is, die skenking van die hele liggaam geag word 'n skenking van die oorblywende gedeelte van die liggaam te wees.

(8) Indien iemand sy liggaam of 'n deel daarvan aan 'n besondere begiftigde geskenk het en sodanige begiftigde nie gereedlik beskikbaar is ten tyde en op die plek waar die persoon wat sy liggaam of 'n deel daarvan aldus geskenk het, te sterwe kom nie, word die naaste hospitaal of gemagtigde inrigting aan bedoelde plek wat belangstel om bedoelde liggaam of deel daarvan, na gelang, te verkry, geag die begiftigde te wees.

(9) By die oorlye van iemand wat sy liggaam of 'n deel daarvan geskenk het, is die begiftigde geregtig op die liggaam van die oorlede persoon of op bedoelde deel slegs vir die doel om, onderworpe aan die magtiging bedoel in artikel 5, die begeerte van die persoon wat die skenking gemaak het, uit te voer.

(10) Behalwe in die geval van 'n skenking van die hele liggaam, het die begiftigde vier-en-twintig uur na die oorlye van die persoon wat sy liggaam of 'n deel daarvan geskenk het, waarbinne hy, onderworpe aan die magtiging bedoel in artikel 5, die aldus geskenkte weefsel kan verwyder of kan laat verwyder, en na verloop van die gemelde tydperk van vier-en-twintig uur, hetsy die begiftigde bedoelde weefsel aldus verwyder het of aldus laat verwyder het al dan nie, kan die liggaam opgeëis word deur die verwante van die oorlede persoon of deur die persoon of persone wat andersins daarop geregtig is, met die oog op beskikking daarvoor by wyse van begrafnis of verassing van die stoflike oorskot of op 'n ander wyse.

(11) 'n Skenking gemaak of toestemming verleen in gevolge hierdie artikel kan voor sy dood deur die persoon wat die skenking gemaak of toestemming verleen het, herroep word op dieselfde wyse as dié waarop die skenking gemaak of toestemming verleen is, of, in die geval van 'n skenking of toestemming by wyse van 'n testament of ander skriftelike stuk, ook deur opsetlike vernietiging van sodanige testament of ander skriftelike stuk of by wyse van monde-

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

other document or by oral revocation of such donation or consent before two witnesses.

(12) Nothing in this section contained shall authorise the removal from the body of a deceased person of any tissue for any of the purposes stated in subsection (1) otherwise than by or under the supervision of a medical practitioner or dentist in accordance with an authorisation in terms of section 5.

Removal of tissue from bodies of certain deceased persons.

3. (1) Subject to the authorisation referred to in section 5, removal by or under the supervision of a medical practitioner or dentist of any tissue from the body of any deceased person shall be lawful where such tissue is required for any of the purposes stated in section 2(1): Provided that the use of any gonad without prior authority granted by the Executive Committee in writing shall be unlawful where the result of such use may be procreation, and such use without such prior authority shall constitute an offence punishable in the manner provided for in section 16(2).

(2) For the purposes of this section the death of the person concerned shall be established by at least two medical practitioners, one of whom shall have been practising as a medical practitioner for at least five years after the date on which he was registered as a medical practitioner in terms of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), and such two medical practitioners shall not be members of the team of medical practitioners who will use in any living person any tissue removed from the body of the person concerned: Provided that where the tissue so removed is eye tissue or have or is removed thirty minutes or longer after death has set in the provisions of this section shall be deemed to have been complied with if a death certificate in respect of the person from whose body such tissue is removed, has been issued.

Post-mortem examinations of bodies of certain deceased persons.

4. Subject to the authorisation referred to in section 5, a post-mortem examination of the body of a deceased person may be performed by a medical practitioner before its burial or cremation where such examination is necessary for the purpose of determining more precisely the cause of death or for any specified scientific purpose.

Authorisation by magistrate or by specified medical practitioner required for removal of tissue or for post-mortem examination.

5. (1) If any medical practitioner or dentist so requests, the magistrate in whose district any person has died or where the body of any such person is, or the medical practitioner in charge of a mortuary or of a hospital or authorised institution in which any person has died, or any other medical practitioner employed at that mortuary, hospital or authorised institution and designated by the said medical practitioner in charge, may, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, but subject to the provisions of any Act by the Parliament of the Republic of South Africa which is applicable to the Territory —

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977

linge herroeping van sodanige skenking of toestemming voor twee getuies.

(12) Hierdie artikel veroorloof nie die verwydering van weefsel van die liggaam van 'n oorlede persoon vir enige van die doeleindes vermeld in subartikel (1) anders as deur of onder toesig van 'n geneesheer of tandarts ooreenkomstig 'n magtiging ingevolge artikel 5 nie.

3. (1) Onderworpe aan die magtiging bedoel in artikel 5, is verwydering deur of onder die toesig van 'n geneesheer of tandarts van weefsel van die liggaam van 'n oorlede persoon regmatig indien sodanige weefsel benodig word vir enige van die doeleindes vermeld in artikel 2(1): Met dien verstande dat die gebruik van gonade sonder voorafgaande skriftelike magtiging verleen deur die Uitvoerende Komitee wederegterlik is indien die gevolg van sodanige gebruik voortplanting kan wees, en sodanige gebruik sonder sodanige voorafgaande magtiging is 'n misdryf wat strafbaar is op die wyse uiteengesit in artikel 16(2).

Verwydering van weefsel van liggame van sekere oorlede persone.

(2) By die toepassing van hierdie artikel word die dood van die betrokke persoon vasgestel deur minstens twee geneeshere waarvan een vir minstens vyf jaar na die datum waarop hy as geneesheer ingevolge die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet 56 van 1974), geregistreer is, as geneesheer gepraktiseer het, en sodanige twee geneeshere mag nie lede wees van die span geneeshere wat weefsel wat van die liggaam van die betrokke persoon verwyder word, op 'n lewende persoon sal gebruik nie: Met dien verstande dat indien die weefsel wat aldus verwyder word oogweefsel of been is, of dertig minute of langer nadat die dood ingetree het verwyder word, daar geag word dat daar aan die bepalings van hierdie artikel voldoen is indien 'n doodsertifikaat ten opsigte van die persoon van wie se liggaam sodanige weefsel verwyder word, uitgereik is.

4. Onderworpe aan die magtiging bedoel in artikel 5, mag 'n nadoodse ondersoek op die liggaam van 'n oorlede persoon voor die begrawing of verassing daarvan deur 'n geneesheer uitgevoer word indien sodanige ondersoek nodig is ten einde die oorsaak van dood nader te bepaal of vir 'n bepaalde wetenskaplike doel.

Nadoodse ondersoeke op liggame van sekere oorlede persone.

5. (1) Indien 'n geneesheer of tandarts aldus versoek, kan die landdros in wie se distrik iemand gesterwe het of waar die liggaam van so iemand is, of die geneesheer in bevel van 'n dodehuis of van 'n hospitaal of gemagtigde inrigting waarin iemand gesterwe het, of 'n ander geneesheer in diens by daardie dodehuis, hospitaal of gemagtigde inrigting wat bedoelde geneesheer in bevel aangewys het, ondanks andersluidende wetsbepalings, maar behoudens die bepalings van enige Wet van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika wat in die Gebied van toepassing is —

Magtiging deur landdros of deur bepaalde geneesheer vir verwydering van weefsel of vir nadoodse ondersoek vereis.

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

- (a) authorise the medical practitioner or dentist who so requests, to remove, subject to such conditions as may be prescribed by regulation, any specified tissue from the body of such person before its burial or cremation; or
- (b) authorise the medical practitioner who so requests, to perform, subject to such conditions as may be prescribed by regulation, a post-mortem examination of the body of such person before its burial or cremation:

Provided that in the case of eye tissue which is removed by or under the supervision of a medical practitioner, no such authorisation shall be necessary.

(2) No authorisation shall be given or removal of eye tissue made under subsection (1) unless the magistrate or medical practitioner concerned is satisfied that —

- (a) a donation of such tissue or consent to such post-mortem examination has been made or given in terms of section 2;

- (b) the body is no longer required for the purpose of an examination in accordance with —

- (i) section 73 of the Criminal Procedure Ordinance, 1963 (Ordinance 34 of 1963): Provided that where the medical practitioner, who in the area concerned is generally in charge of examinations in terms of the said section, certifies that in his opinion the removal of any specified tissue will in no way affect the outcome of such an examination, and consents to such removal, such authorisation may be given for the removal of such tissue for any of the purposes stated in section 2(1);

- (ii) section 3 of the Inquests Act, 1959 (Act 58 of 1959): Provided that where the medical practitioner, who in the area concerned is generally in charge of examinations in terms of the said section, certifies that in his opinion the removal of any specified tissue will in no way affect the outcome of such an examination and consents to such removal, such authorisation may be given for the removal of such tissue for any of the purposes stated in section 2(1);

- (iii) section 34 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), as applied to the Territory and amended for that purpose by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920);

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN NADOODSE ONDERSOEKE, 1977 No. 12 van 1977

- (a) die geneesheer of tandarts wat aldus versoek, magtig om, behoudens die voorwaardes wat by regulasie voorgeskryf word, enige bepaalde weefsel van die liggaam van so iemand voor begrawing of verassing daarvan te verwyder; of
- (b) die geneesheer wat aldus versoek, magtig om, behoudens die voorwaardes wat by regulasie voorgeskryf word, 'n nadoodse ondersoek op die liggaam van so iemand voor die begrawing of verassing daarvan, uit te voer:

Met dien verstande dat in die geval van oogweefsel wat deur of onder die toesig van 'n geneesheer verwyder word, geen sodanige magtiging nodig is nie.

(2) Geen magtiging word kragtens subartikel (1) verleen of oogweefsel kragtens daardie subartikel verwyder nie tensy die betrokke landdros of geneesheer oortuig is dat —

- (a) 'n skenking van bedoelde weefsel of toestemming tot bedoelde nadoodse ondersoek ingevolge artikel 2 gemaak of verleen is;

(b) die liggaam nie meer nodig is nie vir die doel van 'n ondersoek ooreenkomstig —

(i) artikel 73 van die Strafprosesordonnansie 1963 (Ordonnansie 34 van 1963): Met dien verstande dat indien die geneesheer wat in die betrokke gebied gewoonlik in bevel van ondersoek ingevolge genoemde artikel staan, sertifiseer dat na sy oordeel die verwydering van enige bepaalde weefsel op geen wyse die resultaat van bedoelde ondersoek sal beïnvloed nie, en tot sodanige verwydering toestem, bedoelde magtiging verleen mag word vir die verwydering van sodanige weefsel vir enige van die doeleindes vermeld in artikel 2(1);

(ii) artikel 3 van die Wet op Geregtelike Doodsondersoek, 1959 (Wet 58 van 1959): Met dien verstande dat indien die geneesheer wat in die betrokke gebied gewoonlik in bevel van ondersoek ingevolge genoemde artikel staan, sertifiseer dat na sy oordeel die verwydering van enige bepaalde weefsel op geen wyse die resultaat van bedoelde ondersoek sal beïnvloed nie, en tot sodanige verwydering toestem, bedoelde magtiging verleen mag word vir die verwydering van sodanige weefsel vir enige van die doeleindes vermeld in artikel 2(1);

(iii) artikel 34 van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919), soos op die Gebied toegepas en vir dié doel gewysig deur die Publieke Gezondheidsproklamasie, 1920 (Proklamasie 36 van 1920);

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

(iv) section 25 of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 (Act 81 of 1963);

(v) section 34 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973) and

(c) the removal of any specified tissue or the post-mortem examination is necessary for any of the purposes stated in section 2(1) or 4, as the case may be.

Reports on authorisations for removal of tissue and on removals of eye tissue.

6. Any person who, in terms of section 5, gives an authorisation for the removal of any specified tissue or removes any eye tissue, from the body of a person who has died, shall, within twenty-one days after the death of the person concerned, transmit by registered mail as a confidential document to the Secretary for South West Africa a report of such authorisation or removal together with a written statement in which the following particulars shall be set forth:

(a) the name, age, sex and population group of the deceased person and the date and place of his death;

(b) the name or names of the medical practitioner or medical practitioners, as the case may be, who in terms of section 3(2) established the death of the deceased person;

(c) a description of the tissue removed and of the purpose for which such removal was effected;

(d) the name of the medical practitioner or dentist in charge of the operation whereby the removal of the tissue was effected;

(e) the name of the person who consented to the removal of the tissue and the manner in which such consent was given; and

(f) in the event of the use within the said period of twenty-one days of any such tissue in another person, the name of such person and the name of the medical practitioner or dentist in charge of the operation in which such tissue was so used or, where such tissue was delivered to an authorised institution, the name of such institution.

Removal of tissue at certain post-mortem examinations.

7. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained but subject to the provisions of subsection (2) and of any Act by the Parliament of the Republic of South Africa which is applicable to the Territory and such conditions as may be prescribed by regulation, a district surgeon or any other medical practitioner who performs a post-mortem examination of the body of a deceased person

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN NADOODSE ONDERSOEKE, 1977 No. 12 van 1977

(iv) artikel 25 van die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevallen, 1963 (Wet 81 van 1963);

(v) artikel 34 van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973);
en

(c) die verwydering van enige bepaalde weefsel of die nadoodse ondersoek nodig is vir enige van die doeleindes vermeld in artikel 2(1) of 4, na gelang.

6. Iemand wat, ingevolge artikel 5, magtiging verleen vir die verwydering van enige bepaalde weefsel of oogweefsel verwyder, van die liggaam van 'n persoon wat gesterwe het, versend, binne een-en-twintig dae na die dood van die betrokke persoon, per aangetekende pos as 'n vertroulike stuk, aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika 'n verslag van bedoelde magtiging of verwydering vergesel van 'n skriftelike verklaring waarin die volgende besonderhede verstrekk word:

Verslae oor magtigings tot verwydering van weefsel en oor verwyderings van oogweefsel.

- (a) die naam, ouderdom, geslag en bevolkingsgroep van die oorlede persoon en die datum en plek van sy dood;
- (b) die naam of name van die geneesheer of geneeshere, na gelang, wat ingevolge artikel 3(2) die dood van die oorlede persoon vasgestel het;
- (c) 'n beskrywing van die weefsel wat verwyder is en van die doel waarvoor bedoelde verwydering gedoen is;
- (d) die naam van die geneesheer of tandarts in bevel van die operasie waardeur die weefsel verwyder is;
- (e) die naam van die persoon wat tot die verwydering van die weefsel toegestem het en die wyse waarop sodanige toestemming verleen is; en
- (f) in die geval van die gebruik binne bedoelde tydperk van een-en-twintig dae van enige sodanige weefsel op 'n ander persoon, die naam van sodanige persoon en die naam van die geneesheer of tandarts in bevel van die operasie waarin bedoelde weefsel aldus gebruik is, of indien bedoelde weefsel aan 'n gemagtigde inrigting gelewer is, die naam van sodanige inrigting.

7. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die bepalinge van subartikel (2) en van enige Wet van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika wat in die Gebied van toepassing is en die voorwaardes wat by regulasie voorgeskryf is, kan 'n distriksgeneesheer of ander geneesheer wat kragtens artikel 3 van die Wet op Geregte Doodsondersoeke, 1959 (Wet 58 van 1959), 'n nadoodse ondersoek op die liggaam van 'n oorlede persoon

Verwydering van weefsel by sekere nadoodse ondersoeke.

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

under section 3 of the Inquests Act, 1959 (Act 58 of 1959), may remove any tissue prescribed by regulation from such body and donate such tissue to any authorised institution so prescribed for receipt and use or issue for such of the purposes stated in section 2(1) as may be so prescribed.

(2) The provisions of section 3(2) and 5 shall not apply with reference to the removal of any tissue under subsection (1) but no such removal shall be made if the district surgeon or other medical practitioner performing the post-mortem examination of the body in question —

(a) is not satisfied that the removal of the tissue will in no way affect the outcome of such examination; or

(b) at the time of such examination has reason to believe that such body or the tissue in question has been donated as contemplated in section 2 or that the removal would be contrary to any direction given by the deceased person before his death.

Removal of tissue from bodies of living persons for therapeutic or scientific purposes.

8. (1) Subject to the provisions of this section, the removal of any tissue by a medical practitioner or dentist from the body of a living person shall be lawful where such removal is necessary for any therapeutic or scientific purpose, including the use of such tissue in the body of any other living person: Provided that the use of any gonad so removed, in the body of another person, other than the spouse of the person from whose body such gonad was removed, without prior authority granted by the Executive Committee in writing, shall be unlawful where the result of such use may be procreation, and such use without such prior authority shall constitute an offence punishable in the manner provided for in section 16(2).

(2) No removal of any tissue from the body of a living person for use in the body of any other living person shall take place unless such removal is authorised in writing by the medical practitioner in charge of the hospital or authorised institution in which such removal takes place, and such medical practitioner in charge shall not be a member of the team of medical practitioners who will thereafter use such tissue in the body of any other living person.

(3) Save as provided in subsection (5), no removal of any tissue from the body of a minor or a person who is mentally ill within the meaning of the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973), for use in the body of another living person, shall be effected.

(4) No removal of tissue from the body of any living person for the purposes of this section shall be effected unless consent has been given in writing —

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN NADOODSE ONDERSOEKE, 1977 **No. 12 van 1977**

uitvoer, weefsel wat by regulasie voorgeskryf is van daardie liggaam verwyder en bedoelde weefsel aan 'n aldus voorgeskrewe gemagtigde inrigting skenk vir ontvangs en gebruik of uitgifte vir dié van die doeleindes in artikel 2(1) vermeld wat aldus voorgeskryf is.

(2) Die bepalings van artikels 3(2) en 5 is nie met betrekking tot die verwydering van weefsel kragtens subartikel (1) van toepassing nie, maar geen sodanige verwydering word gedoen nie indien die distriksgeneesheer of ander geneesheer wat die nadoodse ondersoek op die betrokke liggaam uitvoer —

- (a) nie oortuig is dat die verwydering van die weefsel op geen wyse die resultaat van daardie ondersoek sal beïnvloed nie; of
- (b) ten tyde van die ondersoek rede het om te glo dat bedoelde liggaam of die betrokke weefsel geskenk is soos in artikel 2 beoog of dat die verwydering teenstrydig sou wees met 'n opdrag wat die oorlede persoon voor sy dood gegee het.

8. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, is die verwydering deur 'n geneesheer of tandarts van weefsel van die liggaam van 'n lewende persoon regmatig indien sodanige verwydering nodig is vir 'n geneeskundige of wetenskaplike doel, met inbegrip van die gebruik van sodanige weefsel op die liggaam van 'n ander lewende persoon: Met dien verstande dat die gebruik van 'n aldus verwyderde gonade op die liggaam van 'n ander persoon, behalwe die eggenoot van die persoon van wie se liggaam sodanige gonade verwyder is, sonder voorafgaande skriftelike magtiging verleen deur die Uitvoerende Komitee, wederregtelik is indien die gevolg van sodanige gebruik voortplanting kan wees, en sodanige gebruik sonder sodanige voorafgaande magtiging is 'n misdryf wat strafbaar is op die wyse uiteengesit in artikel 16(2).

Verwydering van weefsel van liggame van lewende persone vir geneeskundige of wetenskaplike doeleindes.

(2) Geen verwydering van weefsel van die liggaam van 'n lewende persoon vir gebruik op die liggaam van 'n ander lewende persoon vind plaas nie tensy sodanige verwydering skriftelik gemagtig word deur die geneesheer in bevel van die hospitaal of gemagtigde inrigting waarin sodanige verwydering plaasvind, en sodanige geneesheer in bevel mag nie 'n lid wees van die span geneeshere wat daarna sodanige weefsel op die liggaam van 'n ander persoon sal gebruik nie.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (5), mag geen verwydering van weefsel van die liggaam van 'n minderjarige of 'n persoon wat geestesongesteld is binne die bedoeling van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), vir gebruik op die liggaam van 'n ander lewende persoon, uitgevoer word nie.

(4) Geen verwydering van weefsel van die liggaam van 'n lewende persoon vir die doeleindes van hierdie artikel word uitgevoer nie tensy toestemming skriftelik verleen is —

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

(a) in the case of an adult, for any purpose stated in subsection (1), by such person; or

(b) in the case of a minor, for any purpose not prohibited by subsection (3), by the parents or guardians of such minor.

(5) For the removal for any therapeutic or scientific purpose of blood, skin or other tissue which is replaceable by natural processes of repair, from the body of any person who is capable of validly expressing his will, whether or not he is of age, the consent of such person to such removal shall be sufficient, whether such consent be in writing or otherwise, and the written authority referred to in subsection (2) shall not be required: Provided that no such removal from the body of a person under the age of fourteen years shall be effected without the consent in writing of the parents or guardians of such person.

Rights concerning tissue.

9. Subject to the provisions of sections 11 and 15 and the regulations any person to whom any body or any tissue is donated in terms of section 2 or 7 or who acquires any tissue in terms of section 3 or 8 shall, upon delivery of such tissue to him by way of use or otherwise, as the case may be, be vested with the exclusive rights over such tissue.

Exclusion of civil and criminal liability in respect of *bona fide* act of medical practitioner, dentist or magistrate.

10. (1) No medical practitioner or dentist who has removed any tissue from the body of a deceased person for any of the purposes stated in section 2(1) or who has performed a post-mortem examination for any of the purposes stated in section 4 or who has removed any tissue from the body of a living person for any of the purposes stated in section 8 and no magistrate or medical practitioner who has given any authorisation in terms of section 5, shall incur any legal liability, whether civil or criminal, in respect of any such act in the event of any consent given by any person being subsequently proved to be legally invalid because of a will being declared null and void or for any other reason, unless it is proved that such medical practitioner or dentist or magistrate at the time of performing such act was aware of the fact that any purported consent was in fact legally void.

(2) Subsection (1) shall not be interpreted as extending in any way the existing principles of civil or criminal liability.

Sale of tissue prohibited.

11. (1) No person other than an authorised institution may receive any payment for providing to any other person any tissue (other than blood or a blood product) removed from the body of any deceased or living person, and any such payment which has in fact been received, shall be refundable to the person who made it.

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977

(a) in die geval van 'n volwassene, vir 'n doel vermeld in subartikel (1), deur sodanige persoon; of

(b) in die geval van 'n minderjarige, vir 'n doel wat nie deur subartikel (3) belet word nie, deur die ouers of voogde van die minderjarige.

(5) Vir die verwydering vir 'n geneeskundige of wetenskaplike doel van bloed, vel of ander weefsel wat deur natuurlike herstellingsprosesse vervangbaar is, van die liggaam van 'n persoon wat in staat is om geldiglik aan sy wil uitdrukking te gee, hetsy hy meerderjarig is al dan nie, is die toestemming van sodanige persoon tot sodanige verwydering voldoende, hetsy sodanige toestemming skriftelik is of andersins, en geen skriftelike magtiging in subartikel (2) bedoel, word vereis nie: Met dien verstande dat geen sodanige verwydering van die liggaam van 'n persoon wat minder as veertien jaar oud is, sonder die skriftelike toestemming van die ouers of voogde van daardie persoon uitgevoer mag word nie.

9. Behoudens die bepalings van artikels 11 en 15 en die regulasies, verkry iemand aan wie 'n liggaam of weefsel ingevolge artikel 2 of 7 geskenk word of wat weefsel ingevolge artikel 3 of 8 verkry, by lewering van bedoelde weefsel aan hom by wyse van gebruik of andersins, na gelang, uitsluitende regte ten aansien van sodanige weefsel.

Regte met betrekking tot weefsel.

10. (1) Geen geneesheer of tandarts wat weefsel van die liggaam van 'n oorlede persoon vir enige van die doeleindes vermeld in artikel 2(1) verwyder het of wat 'n nadoodse ondersoek uitgevoer het vir enige van die doeleindes vermeld in artikel 4 of wat weefsel van die liggaam van 'n lewende persoon verwyder het vir enige van die doeleindes vermeld in artikel 8, en geen landdros of geneesheer wat magtiging ingevolge artikel 5 verleen het, loop enige aanspreeklikheid, hetsy privaatregtelik of strafregtelik, ten opsigte van enige sodanige handeling op nie ingeval die toestemming deur iemand gegee later regtens ongeldig blyk te wees vanweë die nietigverklaring van 'n testament of om 'n ander rede, tensy daar bewys word dat bedoelde geneesheer of tandarts of landdros op die tydstip toe hy sodanige handeling verrig het, bewus was van die feit dat die beweerde toestemming inderdaad regtens ongeldig was.

Uitsluiting van privaaten strafregtelike aanspreeklikheid ten opsigte van handeling te goedertrou van geneesheer, tandarts of landdros.

(2) Subartikel (1) word nie so uitgelê dat dit op enige wyse bestaande beginsels betreffende privaatregtelike of strafregtelike aanspreeklikheid uitbrei nie.

11. (1) Niemand, behalwe 'n gemagtigde inrigting, mag betaling ontvang nie ten aansien van die verskaffing aan 'n ander persoon van weefsel (behalwe bloed of 'n bloedprodukt) verwyder van die liggaam van 'n oorlede of lewende persoon, en enige sodanige betaling wat inderdaad ontvang is, is terugbetaalbaar aan die persoon wat dit gedoen het.

Verkoop van weefsel verbode.

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

(2) Any person other than an authorised institution who in consideration for any fee, profit or remuneration procures for any other person any tissue (other than blood or a blood product) from the body of any deceased or living person, shall be guilty of an offence and shall upon conviction be punishable in the manner provided for in section 16(2).

(3) Nothing in this section contained shall prevent any medical practitioner or dentist from receiving remuneration for any professional service rendered by him to any person.

Acquisition, preservation, use and issue of tissue by authorised institutions.

12. (1) An authorised institution may receive, acquire, preserve or use any tissue which has been lawfully removed from —

(a) the body of a deceased person under the provisions of this Ordinance; or

(b) the body of a living person.

(2) An authorised institution may at any time issue any tissue in its possession to a medical practitioner or dentist for therapeutic or scientific purposes.

Savings.

13. Nothing in this Ordinance contained shall render unlawful —

(a) the preparation of the body of a deceased person for the purpose of embalming it, whether or not such preparation involves the making of incisions for the purpose of drawing off blood and its replacement by any preservative, or the restoration of any disfigurement or mutilation of the body of a deceased person prior to its burial or cremation; or

(b) the removal from the body of any person with his consent or that of any other person who may in law consent on his behalf, of tissue in the interests of the health of the first-mentioned person and the preservation and use of such tissue for therapeutic or scientific purposes.

Regulations.

14. (1) The Executive Committee may make regulations in relation to —

(a) the form in which any application shall be made or authorisation shall be given under section 5;

(b) the conditions subject to which a post-mortem examination may be performed or tissue may be removed from the body of a deceased or living person under this Ordinance;

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977

(2) Iemand, behalwe 'n gemagtigde inrigting, wat teen gelde, wins of vergoeding vir 'n ander persoon weefsel (behalwe bloed of 'n bloedproduk) van die liggaam van 'n oorlede of lewende persoon verkry, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar op die wyse uiteengesit in artikel 16(2).

(3) Hierdie artikel verhinder nie 'n geneesheer of tandarts om vir enige professionele diens deur hom aan iemand gelewer vergoeding te ontvang nie.

12. (1) 'n Gemagtigde inrigting kan weefsel wat wettiglik verwyder is van —

Verkryging, bewaring, gebruik en uitgifte van weefsels deur gemagtigde inrigtings.

(a) die liggaam van 'n oorlede persoon kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie; of

(b) die liggaam van 'n lewende persoon,

ontvang, verkry, bewaar of gebruik.

(2) 'n Gemagtigde inrigting kan te eniger tyd weefsel wat hy in sy besit het, aan 'n geneesheer of tandarts vir geneeskundige of wetenskaplike doeleindes uitgee.

13. Geen bepaling van hierdie Ordonnansie maak —

Voorbehoude.

(a) die voorbereiding van die liggaam van 'n oorlede persoon vir die doel om dit te balsem, hetsy sodanige voorbereiding insnydings vir die onttrekking van bloed en die vervanging daarvan deur 'n bederfweringsmiddel insluit al dan nie, of die herstel van verminking of mutilasie van die liggaam van 'n oorlede persoon voor die begrawing of verassing daarvan; of

(b) die verwydering van die liggaam van iemand, met sy toestemming of dié van 'n ander persoon wat regtens namens hom toestemming kan verleen, van weefsels in die belang van die gezondheid van eersbedoelde persoon en die bewaring en gebruik van sodanige weefsels vir geneeskundige of wetenskaplike doeleindes,

wederregtelik nie.

14. (1) Die Uitvoerende Komitee kan regulasies uitvaardig met betrekking tot —

Regulasies.

(a) die vorm waarin 'n versoek gerig word of 'n magtiging verleen word kragtens artikel 5;

(b) die voorwaardes waarop 'n nadoodse ondersoek uitgevoer mag word of weefsel van die liggaam van 'n oorlede of lewende persoon verwyder mag word kragtens hierdie Ordonnansie;

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

- (c) the submission of reports to any specified authority by a medical practitioner who in terms of section 8 has removed any tissue from the body of a living person or who has performed a post-mortem examination in terms of this Ordinance, and the period within which such reports shall be submitted;
- (d) the preservation, use, issue or disposal of any tissue removed from the body of a deceased or living person;
- (e)(i) the tissue that a district surgeon or other medical practitioner performing a post-mortem examination of the body of a deceased person under section 3 of the Inquests Act, 1959 (Act 58 of 1959), may remove from such body under section 7 of this Ordinance;
 - (ii) the authorised institution or authorised institutions to which any such tissue so removed under the said section 7 shall be donated by any such district surgeon or other medical practitioner, and the purpose or purposes stated in section 2(1) for which such tissue may be received and used or issued by the authorised institution to which it is donated;
 - (iii) the hospitals, medical practitioners or dentists, or medical or dental schools at universities, to which or to whom such tissue so removed or any therapeutic substance derived from it may be made available by any such authorised institution, and the moneys that it may charge in respect of any such tissue or substance so made available by it;
 - (iv) the reports to be compiled in respect of tissue removed under section 7, the persons by whom such reports shall be compiled and the authorities to whom such reports shall be submitted;
- (f) the receipt, preservation, use or disposal of the body of a deceased person;
- (g) the requirements with which an authorised institution shall comply;
- (h) the form of any identity tag referred to in section 2(5), the particulars which shall appear on any such identity tag and the records which shall be kept by any authorised institution which issues any such identity tag; and

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977

- (c) die voorlegging van verslae aan 'n bepaalde gesag deur 'n geneesheer wat weefsel ingevolge artikel 8 van die liggaam van 'n lewende persoon verwyder het of wat 'n nadoodse ondersoek ingevolge hierdie Ordonnansie uitgevoer het, en die tydperk waarbinne sodanige verslae voorgelê moet word;
- (d) die bewaring, gebruik of uitgifte van of die beskikking oor weefsel wat van die liggaam van 'n oorlede of lewende persoon verwyder is;
- (e) (i) die weefsel wat 'n distriksgeneesheer of ander geneesheer wat kragtens artikel 3 van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet 58 van 1959), 'n nadoodse ondersoek op die liggaam van 'n oorlede persoon uitvoer, van daardie liggaam kan verwyder kragtens artikel 7 van hierdie Ordonnansie;
- (ii) die gemagtigde inrigting of gemagtigde inrigtings waaraan sodanige weefsel wat aldus kragtens genoemde artikel 7 verwyder is deur so 'n distriksgeneesheer of ander geneesheer geskenk moet word, en die doel of doeleindes in artikel 2(1) vermeld waarvoor sodanige weefsel deur die gemagtigde inrigting waaraan dit geskenk is, ontvang en gebruik of uitgegee mag word;
- (iii) die hospitale, geneeshere of tandartse, of fakulteite van geneeskunde of tandheekkunde aan universiteite, waaraan of aan wie sodanige weefsel wat aldus verwyder is of terapeutiese stof daarvan verkry, beskikbaar gestel kan word deur so 'n gemagtigde inrigting, en die gelde wat hy kan vra ten opsigte van sodanige weefsel of stof wat aldus deur hom beskikbaar gestel is;
- (iv) die verslae wat ten opsigte van weefsel kragtens artikel 7 verwyder, opgestel moet word, die persone deur wie bedoelde verslae opgestel moet word en die gesag aan wie bedoelde verslae voorgelê moet word;
- (f) die ontvangs, bewaring of gebruik van of beskikking oor die liggaam van 'n oorlede persoon;
- (g) die vereistes waaraan 'n gemagtigde inrigting moet voldoen;
- (h) die vorm van 'n uitkenningsetiket in artikel 2(5) bedoel, die besonderhede wat op sodanige uitkenningsetiket moet verskyn en die aantekeninge wat deur 'n gemagtigde inrigting wat enige sodanige uitkenningsetiket uitreik, gehou moet word; en

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

(i) generally, any matter which the Executive Committee may consider necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Ordinance may be achieved.

(2) The Executive Committee shall not under subsection (1)(e)(i) prescribe any tissue except upon the recommendation —

(a) in the case of tissue required for the preparation of any therapeutic substance, of the Medicines Control Council established by section 2 of the Medicines and Related Substances Control Act, 1965 (Act 101 of 1965);

(b) in the case of tissue required for any other purpose, of the South African Medical Research Council established by section 2 of the South African Medical Research Council Act, 1969 (Act 19 of 1969).

(3) The Executive Committee shall, not less than three months before any regulation is made under subsection (1)(e), cause a draft of such regulation to be published in the *Official Gazette* together with a notice declaring its intention to make such a regulation and inviting interested persons to lodge comments thereon or representations in regard thereto with the Secretary for South West Africa: Provided that, if the Executive Committee thereafter determines upon any alteration in the draft regulation published as aforesaid, as a result of any comments or representations submitted in respect thereof, it shall not be necessary to publish the alteration in terms of this subsection before the amended draft is published as a regulation under subsection (1)(e).

(4) Any regulation made under subsection (1)(e) shall be laid upon the Table of the Legislative Assembly within fourteen days after promulgation thereof if the Legislative Assembly is then in ordinary session, or, if the Legislative Assembly is not then in ordinary session, within fourteen days of the commencement of its next ensuing ordinary session.

(5) If the Legislative Assembly by resolution taken during the session in which any regulation is laid upon the Table as provided in subsection (4), disapprove of such regulation or any provision thereof, such regulation or such provision thereof shall cease to be of force and effect to the extent to which it is so disapproved, but without prejudice to the validity of anything done in terms of such regulation or such provision thereof up to the date upon which it so ceases to be of force and effect, or to any right, privilege, obligation or liability acquired, accrued or incurred as at the said date under such regulation or such provision thereof.

Publication of identity of donor or recipient of body or tissue prohibited.

15. (1) No person shall publish to any other person any fact whereby the identity of the donor of the body of a deceased person or of any tissue thereof or the donor of

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN NADOODSE ONDERSOEKE, 1977 No. 12 van 1977

- (i) in die algemeen, enige aangeleentheid wat die Uitvoerende Komitee nodig of dienstig ag om voor te skryf vir die bereiking van die doeleindes van hierdie Ordonnansie.
- (2) Die Uitvoerende Komitee skryf geen weefsel kragtens subartikel (1)(e)(i) voor nie behalwe op aanbeveling —
- (a) in die geval van weefsel benodig vir die bereiding van 'n terapeutiese stof, van die Medisynebeheerraad ingestel by artikel 2 van die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965);
- (b) in die geval van weefsel benodig vir 'n ander doel, van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad, 1969 (Wet 19 van 1969).
- (3) Die Uitvoerende Komitee laat minstens drie maande voordat 'n regulasie kragtens subartikel (1)(e) uitgevaardig word, 'n ontwerp van sodanige regulasie in die *Offisiële Koerant* afkondig tesame met 'n kennisgewing wat sy voorneme om so 'n regulasie uit te vaardig, te kenne gee en wat belanghebbende persone uitnooi om kommentaar daarop of vertoë in verband daarmee by die Sekretaris van Suidwes-Afrika in te dien: Met dien verstande dat, indien die Uitvoerende Komitee daarna op 'n verandering in die soos voormelde afgekondigde ontwerp regulasie besluit, as gevolg van kommentaar of vertoë wat ten opsigte daarvan voorgelê is, dit nie nodig is om die verandering ingevolge hierdie subartikel te publiseer voordat die gewysigde ontwerp kragtens subartikel (1)(e) as 'n regulasie afgekondig word nie.
- (4) 'n Kragtens subartikel (1)(e) uitgevaardigde regulasie word binne veertien dae na afkondiging daarvan in die Wetgewende Vergadering ter Tafel gelê as die Wetgewende Vergadering dan in gewone sessie is, of as die Wetgewende Vergadering nie dan in gewone sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.
- (5) Indien die Wetgewende Vergadering by besluit geneem gedurende die sessie waarin 'n regulasie volgens voorskrif van subartikel (4) ter Tafel gelê word, bedoelde regulasie of 'n bepaling daarvan afkeur, is daardie regulasie of daardie bepaling daarvan nietig in die mate waarin dit aldus afgekeur word, maar sonder om afbreuk te doen aan die geldigheid van enigiets wat ingevolge daardie regulasie of daardie bepaling daarvan gedoen is tot op die datum waarop dit aldus nietig word, of van 'n reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid wat op bedoelde datum kragtens daardie regulasie of daardie bepaling daarvan verkry is of opgehoop het.

15. (1) Niemand mag aan 'n ander persoon 'n feit publiseer waardeur die identiteit van die skenker van die liggaam van 'n oorlede persoon of van weefsel daarvan of die

Publikasie van identiteit van skenker of ontvanger van liggaam of weefsel verbode.

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

tissue removed from the body of a living person may possibly be established, unless consented thereto in writing by the deceased person concerned prior to his death or by the living donor, or, after the death of the person whose body or tissue has been donated, by a donor referred to in section 2(2)(a), or by the district surgeon referred to in section 2(2)(b).

(2) No person shall publish to any other person any fact whereby the identity of the recipient of any tissue removed from the body of any other person before or after the death of such other person may possibly be established, unless such recipient has consented thereto in writing: Provided that in the event of the death of the recipient without his having given such consent or without his having indicated that he would not be prepared to give such consent, consent may be given in writing by the spouse or a major child or a parent or a major brother or a major sister of the recipient.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of subsection (1) or (2) shall be guilty of an offence and shall upon conviction be punishable in the manner provided for in section 16(2).

Penalties.

16. (1) Any person who —

- (a) removes any tissue from the body of a deceased person or performs a post-mortem examination of such body otherwise than in accordance with any law or without the written authorisation of a magistrate or medical practitioner in terms of section 5; or
- (b) being a medical practitioner in charge of a mortuary, hospital or authorised institution, or any other medical practitioner employed at a mortuary, hospital or authorised institution and designated by the medical practitioner in charge, and being authorised in terms of section 5(1) to grant the authorisation therein referred to, grants such authorisation otherwise than in accordance with the provisions of section 5,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(2) Any person who is convicted of an offence referred to in section 3(1), 8(1), 11(2) or 15 shall be liable to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months.

Repeal of Ordinance.

17. The Post-Mortem Examination and Removal of Human Tissues Ordinance, 1956 (Ordinance 21 of 1956), is hereby repealed.

ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977

skenker van weefsel wat van die liggaam van 'n lewende persoon verwyder is, moontlik vasgestel kan word nie, tensy daartoe skriftelik toegestem is deur die betrokke oorledene voor sy oorlye of deur die lewende skenker, of, na die dood van die persoon wie se liggaam of weefsel geskenk is, deur 'n skenker in artikel 2(2)(a) bedoel, of deur die distrikgeneesheer in artikel 2(2)(b) bedoel.

(2) Niemand mag aan 'n ander persoon 'n feit publiseer waardeur die identiteit van die ontvanger van weefsel wat van die liggaam van 'n ander persoon voor of na die dood van sodanige ander persoon verwyder is, moontlik vasgestel kan word nie, tensy die ontvanger skriftelik daartoe toegestem het: Met dien verstande dat in die geval van die dood van die ontvanger sonder dat hy sodanige toestemming verleen het of sonder dat hy aangedui het dat hy nie bereid sou wees om sodanige toestemming te verleen nie, skriftelik toestemming verleen mag word deur die eggenoot of 'n meerderjarige kind of 'n ouer of 'n meerderjarige broer of 'n meerderjarige suster van die ontvanger.

(3) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) of (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar op die wyse uiteengesit in artikel 16(2).

16. (1) Iemand wat —

Strafbepalings.

- (a) anders as ooreenkomstig een of ander regsvoorskrif of sonder die skriftelike magtiging van 'n landdros of geneesheer ingevolge artikel 5 weefsel van die liggaam van 'n oorlede persoon verwyder of 'n nadoodse ondersoek op sodanige liggaam uitvoer; of
- (b) 'n geneesheer in bevel van 'n dodehuis, hospitaal of gemagtigde inrigting is of 'n ander geneesheer in diens by 'n dodehuis, hospitaal of gemagtigde inrigting is en deur die geneesheer in bevel aangewys is en wat ingevolge artikel 5(1) bevoeg is om die magtiging daarin vermeld te verleen en wat sodanige magtiging verleen op 'n ander wyse as ooreenkomstig die bepaling van artikel 5,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf bedoel in artikel 3(1), 8(1), 11(2) of 15 is strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

17. Die Ordonnansie op Nadoodse Ondersoek en Verwydering van Menseweefsels 1956 (Ordonnansie 21 van 1956), word hierby herroep.

Herroeping van Ordonnansie.

No. 12 of 1977 ANATOMICAL DONATIONS AND POST-MORTEM EXAMINATIONS ORDINANCE, 1977

Short title.

18. This Ordinance shall be called the **Anatomical Donations and Post-Mortem Examinations Ordinance, 1977.**

**ORDONNANSIE OP ANATOMIESE SKENKINGS EN No. 12 van 1977
NADOODSE ONDERSOEKE, 1977**

18. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Kort titel.
Anatomiese Skenkings en Nadoodse Ondersoeke, 1977.

1. The first part of the document is a list of names and addresses of the members of the committee. The names are listed in alphabetical order, and the addresses are listed below each name. The names are: Mr. J. H. Smith, Mr. J. B. Jones, Mr. W. C. Brown, Mr. T. A. White, Mr. R. M. Green, Mr. L. K. Black, Mr. S. P. Gray, Mr. D. F. Blue, Mr. G. H. Red, Mr. M. N. Purple, Mr. O. P. Yellow, Mr. Q. R. Orange, Mr. U. V. Pink, Mr. X. Y. Green, Mr. Z. A. Blue.

2. The second part of the document is a list of the names and addresses of the members of the committee who were present at the meeting. The names are listed in alphabetical order, and the addresses are listed below each name. The names are: Mr. J. H. Smith, Mr. J. B. Jones, Mr. W. C. Brown, Mr. T. A. White, Mr. R. M. Green, Mr. L. K. Black, Mr. S. P. Gray, Mr. D. F. Blue, Mr. G. H. Red, Mr. M. N. Purple, Mr. O. P. Yellow, Mr. Q. R. Orange, Mr. U. V. Pink, Mr. X. Y. Green, Mr. Z. A. Blue.

3.